ALGEMENE INLIGTING

OOR DIE SKOOL

TOELATINGSKRITERIA

Die voornemende leerder moet Afrikaans, wat die skool se voertaal is, sodanig bemeester het dat sy/haar onderrig en opvoeding nie skade sal ly nie.

ONDERNEMING DEUR DIE OUER

Ouers moet by die inskrywing van 'n leerder 'n vorm onderteken waarin u die volgende onderneem:

Ek/ons aanvaar:

die etos van die skool;

die akademiese standaard wat gestel word;

die gesag en dissipline van die skoolhoof en onderwysers;

om toe te sien dat ons kinders in die erkende skooldrag geklee sal wees;

dat indien die bogenoemde onderneming nie gehandhaaf word nie, die leerder se voortgesette toelating tot Laerskool Elarduspark in heroorweging geneem sal word;

dat die skool skriftelik in kennis gestel sal word indien beeldmateriaal van die leerder nie gebruik mag word vir enige publikasie van die skool nie.

dat ek die skool sal inlig indien my kind nie waterveilig en swemvaardig is om op sy/haar eie of sonder hulp te swem nie.

SKOOLURE

Graad R	Maandag tot Vrydag	06:30 - 17:30
	Akademiese program Maandag tot Vrydag	08:00 - 13:00
Graad 1 - 3	Maandag tot Donderdag	07:30 - 13:10
	Vrydag	07:30 - 13:00
Graad 4 - 7	Maandag tot Donderdag	07:30 - 13:45
	Vrydag	07:30 - 13:15

ALGEMENE INLIGTING

OOR DIE SKOOL

SKOOLGELDE

HUIDIGE JAAR (2024) SE SKOOLGELDE IS SOOS VOLG

GRAAD R:

2024 Graad R Skoolgelde is R38 450-00 per leerder.

Die jaarlikse bedrag word soos volg gehef:

1 x Kurrikulumfooi

10 x Maandelikse betalings (Februarie tot November)

- Die Kurrikulumfooi vir 2024 is R3 450-00
- Die Skoolgelde vir 2024 beloop tans R 3 500-00 per maand (Feb-Nov)

GRAAD 1 TOT 7:

2024 se Skoolgelde is R27 250-00 per leeder.

Die jaarlikse bedrag word soos volg gehef:

1 x Kurrikulumfooi

10 x Maandelikse betalings (Februarie tot November)

- Die Kurrikulumfooi vir 2024 is R2 700-00
- Die Skoolgelde vir 2024 beloop tans R2 455-00 per maand (Feb-Nov)

STERREWAG NASKOOLSENTRUM

2024 se Naskoolgelde is R13 950-00 per leerder.

Die jaarlikse bedrag word soos volg gehef:

1 x Registrasiefooi

11 x Maandelikse betalings (Januarie tot November)

- Die Registrasiefooi vir 2024 is R1 300-00
- Die Naskoolgelde vir 2024 beloop tans R1 150-00 per maand (Jan -Nov)

ALGEMENE INLIGTING

OOR DIE SKOOL

KURRIKULUMFOOI VIR 2025

Reeds goedgekeur deur ‘n kworum ouers op die Algemene Jaarvergadering van 2024.

Hierdie bedrae is nie nou al betaalbaar nie. Meer inligting sal in September maand deur middel van ‘n omsendskrywe aan alle ingeskrewe ouers deurgestuur word.

Graad R	-	R 3 705-00
Skool Graad 1 - 7	-	R 2 905-00
Sterrewag Naskool	-	R 1 405-00

Skool- en Naskoolgelde vir 2025 word tydens die Algemene Jaarvergadering wat op Maandag, 4 November 2024 gehou word, vasgestel. Ouers wie reeds bevestiging van hul inskrywings by die skool ontvang het, sal skriftelik van die skoolgelde vir 2025 in kennis gestel word.

ALGEMENE INLIGTING

OOR DIE SKOOL

DISSIPLINÊRE KODE

Dissipline is van kardinale belang. Laerskool Elarduspark se gedragskode is opgeneem in die leerder dagboek wat aan elke leerder beskikbaar gestel word. Vergewis uself asseblief daarvan.

Dissipline Graad R

Dissipline word deurentyd gehandhaaf in Graad R. Ons maak gebruik van 'n robotstelsel. Almal begin op groen en skuif a.g.v oortredings af na oranje of rooi Gedurende Kwartaal 1 word leerders slegs gewaarsku of in 'time-out' geplaas. Vanaf Kwartaal 2 word die robotstelsel steeds gebruik maar inskrywings word toegeken na 2 waarskuwings. Ouers word gekontak indien daar 'n dissipline probleem is.

Dissipline Graad 1

Tydens kwartaal 1 word dissipline hanteer op 'n stelsel waar die kind gewaarsku word en waar elke onderwyseres dissipline hanteer soos nodig. Indien daar 'n daadwerklike probleem is sal die ouers onmiddellik in kennis gestel word sodat die saak aangespreek kan word. Vanaf kwartaal 2 word daar streng volgens die skool se gedragskode opgetree. Inskrywings word toegeken vir oortredings en detensie word as straf gegee.

Graad 4 - 7

https://lardies.co.za/wp-content/uploads/2024/04/Gedragskode-2024.pdf

ALGEMENE INLIGTING

UITTEKEN PROSEDURES



Veiligheid van ons leerders is BAIE BELANGRIK!!
Let asseblief op die korrekte UITTEKENPROSEDURES indien u, u kind vroeër kom uitteken

Stuur 'n **dag voor die tyd** 'n e-pos met die **datum, tyd en rede** om terrein vroeër te verlaat na u kind se registeronderwyser & na Me Janine Froneman (ontvangs@lardies.co.za) **EN** Numadi Prinsloo (admin@lardies.co.za)

Die registeronderwyser sal Me Prinsloo / Me J Froneman by ontvangs in kennis stel watter leerders uitgeteken mag word.

Op die betrokke dag moet die ouer die leerder by die **ADMINISTRATIEWE HEK** kom uitteken.

GEEN ouers word op die terrein toegelaat nie!

GEEN leerder sal uitgeteken word indien 'n e-pos **NIE** aan die registeronderwyser gestuur is nie

SAAM VERSEKER ONS, ONS LARDIES SE VEILIGHEID